# HOOFSTUK 1
## INLEIDING EN VERANTWOORDING VAN DIE STUDIE

### 1.1 INLEIDING

Gedurende die afgelope dekades was daar ’n groeiende bewussyn van die deurslaggewende rol en invloed wat die omgewing op die mens uitoefen en veral ook op die leefwêreld van die gestremde persoon. Skandinawiese lande, waaronder Swede, Denemarke en Noorweë, het in hierdie benadering, wat bekend staan as die sosiologies-ekologies-georiënteerde perspektief, as voorlopers opgetree (vgl Du Toit 1991:13; Swart & Pettipher 2005:6)[1]. ’n Groep Sweedse ouers van kinders met gestremdhede het hul gedurende hierdie tyd beywer vir ’n meer “normale” omgewing en onderwys aan hul kinders. Hul standpunt het tot gevolg gehad dat die begrip “normalisasie”[2] in hul land se wetgewing oor die hantering van gestremdes opgeneem is.

Saam met die normalisasie-beginsel het die begrip van hoofstroming (mainstreaming)[3] ontstaan terwyl die konsep “least restrictive environment” veral in die Verenigde State van Amerika (VSA) na vore getree het. Daarmee word geïmpliseer dat ’n leerder altyd in ’n onderrigsituasie geplaas moes word wat vir hom/haar[4] die minste beperkend en die naaste aan die normale sou wees (Du Toit 1996:16).

Gedurende 1990 verskuif die klem internasionaal na die begrip “Onderwys vir Almal”[5] wat die reg van alle leerders op insluiting (inklusiwiteit)[6] in die onderwys onderskryf. Met die

---

1 Die sosiologies-ekologies-georiënteerde perspektief verteenwoordig ’n denkrigting wat direk teenoor die mediese of kliniese paradigma staan deurdat daar in besonder gelet word op die leerder in ’n bepaalde ekologiese konteks en die invloed daarvan op die leerder.

2 Normalisasie verwys na omstandighede wat so na as moontlik aan die “normale” is. Die strewe na ’n normale omgewing, normale daaglikse roetine, normale onderwyspraktyk en normale blootstelling van die gestremde aan die gemeenskap, was die doelstelling. Die begrip onderskryf die mening dat persone met gestremdhede dieselfde voorregte, regte en geleenthede as persone sonder gestremdhede moet hê (vgl Williams 1991:289).

3 “Mainstreaming educates children with special needs alongside their non-handicapped peers. These children spend most of their time in ordinary classes, but being given extra help through withdrawal classes or in other ways” (vgl Williams 1991:254).

4 In hierdie studie sal daar voorts slegs na “hom” of “hy” i.p.v. “hom/haar” en “hy/sy” verwys word sonder enige inperking van geslagsgelykheid. Hierdie keuse is gedoen om letterkundige redes.

5 Die konsep “Onderwys vir Almal” word internasionaal in die konteks van die diversiteit van behoeftes van alle leerders, gebruik. Die kern van die konsep lê daarin dat alle leerders die reg op volle toegang tot kwaliteitsonderrig het, ongeag hul waarneembare potensiaal of omstandighede (vgl Burden 1995:44-56).

wêreldkongres te Salamanca (1994) oor *Special Needs in Education: Access and Quality*, word daar verder gesamentlik besluit op 'n beleid van insluiting as die amptelike en internasionaal aanvaarde beleid vir die onderwys van leerders met leer- en ontwikkelingshindernisse (LLOH)[7].

Wat onderwys in Suid-Afrika betref, het daar ná die demokratiese verkiesing in 1994, 'n totaal nuwe en geïntegreerde onderwysstelsel ontstaan. In breë trekke het dit op dieselfde wyse as in ander lande ontwikkel, maar politieke invloede het meegebring dat verskillende stelsels naas mekaar ontstaan het. Beleidmakers, akademici, skoolhoofde, ouerliggame, ander belanghebbendes sowel as persone met gestremdhede self se einddoel was om saam 'n nuwe, eenvormige onderwysstelsel te ontwikkel waarvoor almal eienaarskap sou kon aanvaar. Hierdie nuwe beleid hou tred met internasionale tendense en met die regte van mense soos wat dit in die land se grondwet beskryf is.

In Suid-Afrika was spesiale onderwys vir jare lank 'n terrein waar leerders met spesiale onderwysbehoeftes (LSOB) vanuit 'n mediese perspektief[8], afgesonderd en buite die groter onderwysstelsel onderrig is. Vanaf 1994 egter, word onderwys in Suid-Afrika óók vanuit 'n sosiaal-ekologiese perspektief beskou. In hierdie nuwe konseptuele en operasionele raamwerk word verder klem gelê op begrippe soos spesiale skole as "hulpbronsentrums" [9], "voldiensskole" [10], "distriksondersteuningspanne" (DOS) en die "skoolondersteuning-spanne" (SOS) binne die breër raamwerk van Inklusiewe Onderwys (IO). Op operasionele vlak moes skole[11] se benadering met betrekking tot die onderwys van LSOB verander. Meer verantwoordelikhede is aan die opvoeder toevertrou, hoewel die leeromgewing steeds meer gekompliseerd geraak het. Dit het bygedra tot die behoefte aan meer direkte ondersteuning aan die opvoeder, die leerder sowel as die ouer/versorger van die leerder. Deur die daarstelling van 'n SOS in die leeromgewing, moes hierdie span in die

---

6 "Inclusion is defined as a shared value which promotes a single system of education dedicated to ensuring that all learners are empowered to become caring, competent and contributing citizens in an inclusive, changing and diverse society" (Engelbrecht 2003:6).

7 In hierdie studie gebruik die navorser haar eie afkorting vir leerder(s) met leer- en ontwikkelingshindernisse naamlik "LLOH."

8 Die mediese perspektief beklemtoon die tekorte binne die leerder en die behandeling van die probleme, teenoor die sosio-kritiese perspektief wat die moontlikhede of potensiaal van die leerder sowel as die rol van kontekstuele aspekte as uitgangspunt neem (Gericke 2003:20).

9 Spesiale skole word gesien as hulpbronsentrums wat deel uitmaak van die groter ondersteuningstelsel van die onderwys. Hierdie hulpbronsentrums verskaf gespesialiseerde dienste, in samewerking met die distrik-ondersteuningsdienste, aan gewone onderwys (vgl DNE 2001:2.2.2.6; DNE 2005b:11-23).

10 Voldiensskole funksioneer as hoofstroom-onderwysinstellings waar die behoeftes van leerders met spesiale onderwysbehoeftes pro-aktief aangespreek word (vgl DNE 2002:41-47; DNE 2005a:8-15).

11 Tans word die term "leersentrums" vir die begrip "skole" in beleidsdokumentasie gebruik. Aangesien die begrip "skoolondersteuningspan" 'n kernkonsep in hierdie studie is, sal "skole" eerder as "leersentrums" gebruik word, ten einde verwarring te voorkom.

ondersteuningsbehoeftes van die betrokkenes by die onderrig en leer van die leerder voorsien.

Waar nuwe konseptuele en operasionele raamwerke egter binne onderwysstelsels geimplementeer word, loop die teoretiese of praktiese aspekte mekaar dikwels vooruit. Daarom het die Departement van Onderwys (Department of National Education [DNE] 2002:12) dit benadruk dat daar 'n behoefte bestaan dat Suid-Afrikaanse opvoedkundiges die teorie met kreatiwiteit en verbeelding in die praktyk moet toepas.

## 1.2 RASIONAAL VAN DIE STUDIE

Met die Suid-Afrikaanse grondwet wat gelykheid, menswaardigheid, basiese onderwys en gelyke toegang tot onderwys vir alle persone onderstreep, word 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die opvoeder geplaas. Hierdie verantwoordelikheid is des te meer nodig in die onderrig en leer[12] van LLOH waar 'n sterk en doelgerigte ondersteuningstelsel vir die leerder sowel as die opvoeder van belang is. Duidelike spesifikasies vir die onderrig en leer van LLOH word dan ook in nasionale en provinsiale beleid uiteengesit.

Binne Suid-Afrika se nuwe IO- en opleidingstelsel, neem die skoolondersteunings-benadering 'n prominente plek in. Dit dien as skakel binne 'n groter onderwysondersteuningstelsel wat op regerings-, provinsiale, streeks- en skoolvlak funksioneer. Die doel is om as interne ondersteuningstelsel hulp aan LLOH, opvoeders en ouers/versorgers te verleen. Hierdie ondersteuning word binne skole en in spesifieke leeromgewings voorsien, terwyl die breër ondersteuningstelsels buite die skool funksioneer. Op skoolvlak behoort die SOS 'n deurslaggewende rol by die effektiewe voorkoming en/of hantering van leer- en ontwikkelingshindernisse van leerders te speel. Verder word die noodsaaklikheid om die ouers van LLOH so ver as moontlik ook by die hulpverlening (ondersteuningsdiens) te betrek, deeglik besef. Daarom word hulpverlening aan dié leerders as 'n gesamentlike verantwoordelikheid tussen die SOS, die opvoeders en die ouers/versorgers gesien. Die mate waarin die SOS, die opvoeders en ouers/versorgers bereid is om betrokke te raak in die onderrig en leer van LLOH, beïnvloed weer die graad

[12] Die term "onderwys" word in hierdie studie beskou as 'n oorkoepelende begrip wat veelvuldige sake insluit. Derhalwe word "onderrig en leer" gebruik om spesifiek te verwys na die onderrigsituasie aan leerders met leer-en ontwikkelingshindernisse en die leersituasie van hierdie leerders.

van sukses en die doeltreffendheid van die hulpverlening. Dit is belangrik dat die SOS in sy sleutelrol vir hulpverlening op skoolvlak, maksimaal sal funksioneer (vgl Donald 1996:71-84). Daarom is navorsing, en indien nodig ook aanbevelings ten opsigte van doeltreffendheid nodig. Die verslag: *National report on systematic evaluation: Inclusive education: Foundation Phase learners with disabilities in special schools* (DNE 2003:67) beklemtoon hierdie behoefte aan navorsing op die gebied van die SOS. In dié dokument word aanbeveel dat daar in diepte gelet moet word op die "establishing of institutional level support teams" (DNE 2003:67*)*.

## 1.3 PROBLEEMSTELLING

Een van die doelstellings van die skoolpraktyk is om leerders se behoeftes aan te spreek deur 'n leeromgewing te skep waarin die kurrikulum vir elke leerder toeganklik gemaak word en wat hom sal toelaat om sy volle potensiaal te bereik (Wes-Kaapse Onderwysdepartement [WKOD] 2003:3).

Om hierdie doelstelling te bereik, is dit die skool se verantwoordelikheid om leer- en ontwikkelingshindernisse te voorkom, te hanteer en indien nodig, daarvoor te kompenseer. In die onderwysbedeling voor 1994, is hierdie taak gewoonlik deur klasonderwysers[13] hanteer wat sodanige leerders na die hulpdienssentrum verwys het. Binne die IO-denkrigting egter, word die verantwoordelikhede toenemend op ál die betrokkenes in die onderwys geplaas. 'n Ondersteuningstelsel vir alle leerders, opvoeders sowel as ander betrokkenes by leerders se onderrig en leer binne die IO-stelsel, is daarom belangrik. In hierdie verband behoort die SOS 'n deurslaggewende rol te vervul.

In hierdie studie word 'n in-diepte ondersoek onderneem om die doeltreffendheid van SOS'e in vyf geselekteerde skole binne die IO-stelsel na te vors. Die probleemstelling word soos volg geformuleer:

> Hoe doeltreffend vervul die skoolondersteuningspan sy funksie in die onderrig en leer van leerders met leer- en ontwikkelingshindernisse binne die raamwerk van die inklusiewe onderwysstelsel?

---

[13] Die term "klasonderwyser" word in die studie vervang met die term "opvoeder" wat as 'n meer omvattende begrip beskou word.

Uit bogenoemde probleemstelling vloei verskeie sub-temas voort wat verder ondersoek moet word. Hierdie sub-temas is aan die hand van die volgende sub-vrae nagevors:

1. In watter mate is die nasionale en provinsiale beleid ten opsigte van die funksionering van die SOS doeltreffend geïmplementeer?
2. Hoe doeltreffend vervul die SOS sy rol ten opsigte van die ondersteuning van:
   i) die leerproses en holistiese ontwikkeling van die LLOH
   ii) die funksionering van die opvoeder in die onderrig aan die LLOH
   iii) die rol van die ouer ten opsigte van die LLOH?

## 1.4 DOEL VAN DIE STUDIE

Die oorkoepelende doelstelling van die studie was om die doeltreffendheid van die SOS in die onderrig en leer van LLOH binne die konteks van IO, te verken, te beskryf en te evalueer. Die evaluering is gedoen binne vyf geselekteerde primêre skole wat aan die insluitingskriteria voldoen het. Die studie is verdeel in vyf navorsingsvrae, elk met 'n eie doelwit. Hierdie navorsingsvrae met hul gepaardgaande doelwitte volg in Tabel 1.1.

**TABEL 1.1: NAVORSINGSVRAE EN DOELWITTE**

| Navorsingsvrae | Doelwitte |
|---|---|
| 1. In watter mate is die beleidsbepalings ten opsigte van die funksionering van die SOS geïmplementeer? | Verkenning en beskrywing van die huidige stand van implementering van beleidsbepalings ten opsigte van die SOS. |
| 2. Hoe doeltreffend ondersteun die SOS die leerproses en holistiese ontwikkeling van LLOH binne die IO-stelsel? | Verkenning en beskrywing van die proses van ondersteuning deur die SOS aan LLOH, binne die IO-stelsel. |
| 3. Hoe doeltreffend ondersteun die SOS die funksionering van opvoeders in die onderrigsituasie aan LLOH binne die IO-stelsel? | Verkenning en beskrywing van die proses van ondersteuning deur die SOS aan opvoeders in die onderrigsituasie aan LLOH binne die IO-stelsel. |
| 4. Hoe doeltreffend ondersteun die SOS ouers/versorgers van LLOH binne die IO-stelsel? | Verkenning en beskrywing van die proses van ondersteuning deur die SOS aan ouers/versorgers van LLOH binne die IO-stelsel. |
| 5. Hoe doeltreffend funksioneer die SOS huidiglik binne die IO-stelsel in die algemeen? | Evaluering en beskrywing van die huidige doeltreffendheid van die SOS binne die IO-stelsel. |

In hierdie studie is drie basiese soorte navorsingsmetodes gebruik, naamlik *verkenning* (literatuurstudie), *beskrywing* (die weergee van onder andere korrelasies en klassifikasies) en *verklaring* (evaluering en voorspelling) (vgl Mouton & Marais 1988:43-46). Die uiteindelike evaluering van die SOS-doeltreffendheid is gedoen deur die toepassing van kriteria vir doeltreffendheid op die versamelde data ten opsigte van die vyf navorsingsvrae. Hierdie kriteria vir doeltreffendheid is deur die navorser ontwikkel op grond van die deelnemerbydraes en toepaslike literatuur.


## 1.5 TEORETIESE EN KONSEPTUELE RAAMWERK EN PARADIGMA

Van nader beskou wil dit voorkom asof wêreldwye veranderings gebaseer is op dieselfde vertrekpunt, naamlik die aanvaarding van die mens in al sy diversiteite binne 'n spesifieke sosiale konteks. Hierdie studie neem as vertrekpunt binne bogenoemde denkrigting die sosiaal-kritiese denkrigting en die inklusiewe perspektief. Dié denkrigting het oorspronklik uit die kritiese pedagogiek van die Frankfurter Schule in Duitsland en die onderrig van Paulo Freire in *The Pedagogy of the Oppressed* (1984) ontstaan (vgl Burden 1999:10-24). Die sosiaal-kritiese denkrigting verwys na die samelewing wat moet verander om alle leerders te akkommodeer en hulle te ondersteun om doeltreffend volgens hul vermoëns en behoeftes te leer en te ontwikkel. Dit impliseer die verwydering van leer- en ontwikkelingshindernisse in soverre dit moontlik is.

Die teoretiese en konseptuele raamwerk van die studie word beskou teen die agtergrond van die opkoms van die menseregte en demokratiese bewegings, internasionaal sowel as nasionaal. 'n Meer gelyke en humanistiese perspektief, naamlik die inklusiewe perspektief, word gebruik om die mens te bestudeer. Die mens in sy diversiteit en uniekheid, waardigheid, reg tot eie keuses, individuele vermoëns tot sukses en buigbaarheid binne verskillende sosiale kontekste, en vir hierdie studie veral binne die IO, is kernbegrippe. Die klem van die studie se teoretiese raamwerk val op die doeltreffendheid van konsolidasie, eenheid, holisme, gelyke toegang, kwaliteit onderwys en die verandering van die gemeenskapskonteks binne die inklusiewe perspektief van onderwys vir almal. Onderwys vir almal sluit dus ook die LLOH in sy diversiteit in. Die doel van IO is dan om leer- en ontwikkelingshindernisse te voorkom, te hanteer en uit die weg te ruim (vgl DNE 1997:53-68 & DNE 2002:17-18; DNE 2006:21-29).

Mouton en Marais (1992:127) beklemtoon dat navorsing die werklikheid beskryf in terme van konsepte wat uit die inligting gegenereer kan word. In hierdie studie is stellings uit die konsepte van databronne geformuleer om uitdrukking te gee aan die kennisinhoud (begrip) van sodanige konsepte. Verhoudings tussen konsepte is aangedui, terwyl verfyning van stellings tot ’n konseptuele raamwerk gelei het (vgl Mouton & Marais 1992:139). Volgens Mouton en Marais (1992:127) kan hierdie verband tussen ’n konseptuele raamwerk en ’n navorsingsprogram grafies soos in Figuur 1.1 voorgestel word:

**FIGUUR 1.1: DIE NAVORSINGSPROSES** (Mouton & Marais 1992:127)




In hierdie studie is die belewing en ervaring van die deelnemers by die funksionering van die SOS ’n belangrike bron van inligting. Die navorser was ook primêr die instrument vir data-insameling sowel as kritiese data-analise. Verder was die navorser betrokke by die “hoekom” en “waarom” van die data. Dit onderskryf die interpretatiewe paradigma wat as “a process of interpreting or understanding of achieving *Verstehen*” deur Denzin en Lincoln (2000:191) beskryf word.

## 1.6 DETERMINANTE VAN DIE STUDIE

Die navorsingsterrein van die studie is die SOS binne die IO-model en skoolpraktyk, met spesifieke verwysing na die ondersteuning in die onderrig en leer van LLOH. In die lig van die feit dat die vertrekpunt van die studie oorwegend die interpretatiewe paradigma is, het die navorser die volgende aannames tydens die studie gemaak:

### 1.6.1 META-TEORETIESE AANNAMES

i) Die aanname dat verskeie verwante begrippe ter sprake is, waaronder die bevordering van doeltreffendheid; die ondersteuningsproses en ondersteuningsplan; onderwys, onderrig en leer; gesin, groep en individu; die psige, intellek, emosie, wil, gees en fisieke; liggaamlik en geestelik; sosiaal en interaksie; fasilitering en mobilisering van hulpbronne; multidissiplinêre span en distriksondersteuningspan.

ii) Die aanname dat die siening rakende die doeltreffendheid van die SOS in 'n mate bepaal word deur data afkomstig uit die gestruktureerde vraelys en onderhoude met SOS-lede, sowel as ander betrokkenes.

### 1.6.2 TEORETIESE AANNAMES

i) Die aanname dat die teoretiese raamwerk van die studie geïnformeer kan word deur beleidsdokumente oor IO, die SOS en onderrig en leer van LLOH, toepaslike omsendbriewe van die Departement van Onderwys, sowel as ander nasionale en internasionale primêre bronne.

ii) Die aanname dat daar beperkte studies in Suid-Afrika bestaan wat die doeltreffendheid van die SOS ondersoek.

iii) Die aanname dat internasionale sowel as nasionale literatuur rakende die SOS in 'n diversiteit van skoolkontekste gesetel is.

### 1.6.3 METODOLOGIESE AANNAMES

i) Die aanname dat die praktyk tans die teorie in hierdie veld vooruitloop.

ii) Die aanname dat SOS'e ten beste deur middel van kwalitatiewe metodes geëvalueer kan word.

iii) Die aanname dat die term "funksionerende SOS" in elke skool 'n ander betekenis kan hê.

iv) Die aanname dat die interpretasie van beleidsdokumente oor SOS'e tussen deelnemers kan verskil.

## 1.7 HOOFSTUK-INDELING

Die volgende hoofstukke is ingesluit in die studie-proses om die probleemstelling te kon beantwoord.

**HOOFSTUK 1: INLEIDING EN VERANTWOORDING VAN DIE NAVORSING**

Die eerste hoofstuk verskaf die rasionaal sowel as die doel van die studie. Die probleemstelling, teoretiese en konseptuele raamwerk, paradigma en determinante van die studie word ook beskryf. Die hoofstuk sluit af met ’n hoofstuk-indeling en begripsverklarings.

**HOOFSTUK 2: DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN: ’N LITERATUUR-OORSIG**

In Hoofstuk 2 word ’n beknopte en kritiese literatuur-oorsig gegee ten opsigte van die doel en funksionering van die SOS vir die onderrig en leer van LLOH, binne die huidige IO-raamwerk. Die vernaamste tendense, konsepte en temas op nasionale sowel as internasionale vlak word aangedui. Verder word kernkonsepte wat in die navorsingsprobleem voorkom, verken. Die hoofstuk sluit af met ’n voorgestelde konseptuele raamwerk vir die studie.

**HOOFSTUK 3: DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN: NAVORSINGSONTWERP EN METODOLOGIE**

In Hoofstuk 3 word die navorsingsprobleem in die vorm van ’n probleemstelling, navorsingsdoelstellings en subvrae aangebied. ’n Gepaste navorsingstrategie en ontwerp is gekies om die navorsingsvrae aan te spreek. Data-insamelingsmetodes tesame met die ooreenstemmende insamelingsinstrumente word bespreek in terme van doelstellings, voorbereidende werk, voordele en nadele. Verder word metodes wat gebruik is om die kwaliteitskriteria van vertrouenswaardigheid en betroubaarheid te verseker, aangebied. Ten slotte word aandag gegee aan die etiese navorsingsbeginsels wat toegepas is.

**HOOFSTUK 4: DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN: DATA-ANALISE, INTERPRETASIE EN BESPREKING, ONTWIKKELING VAN KRITERIA VIR DOELTREFFENDHEID**

Hoofstuk 4 beskryf die plek van navorsing, die deelnemers en die data wat met behulp van verskeie data-insamelingsinstrumente verkry is. Die data-analise, interpretasie en -beskrywing word aan die hand van geïdentifiseerde temas en die skakeling met bestaande literatuur gedoen. Hierna word nuut ontwikkelde kriteria vir die evaluering van die doeltreffendheid van die SOS, aangebied.

**HOOFSTUK 5: DIE SKOOLONDERSTEUNINGSPAN: BEVINDINGS VAN TOEPASSING VAN KRITERIA VIR DOELTREFFENDHEID, GEVOLGTREKKINGS, AANBEVELINGS EN SINOPSIS**

In Hoofstuk 5 word die bevindings van die toepassing van die kriteria vir doeltreffendheid vir die SOS aangedui, weergegee en bespreek. Hieruit volg gevolgtrekkings asook aanbevelings. Ten slotte volg 'n sinopsis van die studie en die navorser se finale kommentaar.

## 1.8 BEGRIPSVERKLARINGS

Hieronder volg 'n aantal sleutelbegrippe en definisies wat in hierdie studie gebruik sal word.

- **Inklusiewe onderwys (IO)**

Kwaliteitsonderrig binne een onderwysstelsel waar alle leerders, ongeag hul waarneembare potensiaal of omstandighede, gelyke regte en volle toegang het. Die breë samelewing word ook in hierdie tipe onderwys betrek.

- **Onderrig en leer aan die LLOH**

'n Integrale deel van inklusiewe onderwys, waar die LLOH op sy vlak van ontwikkeling, hulp en ondersteuning kry om die hindernisse te voorkom, te oorkom of te verlig. Alle belanghebbende ondersteuningsdienste word hierby betrek.

- **Gewone skole**

Skole wat alle leerders, ongeag hul hindernisse, huisves, onderrig en leer ooreenkomstig 'n vasgestelde kurrikulum.

- **Gespesialiseerde leeromgewing**

Skole waar die LLOH hoë intensiewe onderrig en ander ondersteuning ontvang deur gespesialiseerde, opgeleide opvoeders. Hierdie leeromgewing is spesiaal toegerus om die volle omvang van leer- en ontwikkelingshindernisse aan te spreek.

- **Skoolondersteuningspan (SOS)**

'n Ondersteuningspan op skoolvlak wat as 'n interne skoolkomitee beskou word. Die primêre funksie van die span is om ondersteuningsdienste vir die leerder en opvoeder te koördineer. Die span bestaan uit geskikte persone wat hulp verleen aan opvoeders en

leerders wat leer- en ontwikkelingshindernisse ervaar, of in gevaar staan om hindernisse te ontwikkel. Die span ondersteun ook ouers/versorgers van LLOH en dien as ’n skakel tussen die skool, ander ondersteuningsdienste en die gemeenskap.

- **Leerders met leer- en ontwikkelingshindernisse (LLOH)**

Leerders met hindernisse tot leer en ontwikkeling en spesiale behoeftes en wat derhalwe aanspraak maak op spesiale leer- of ontwikkelingsondersteuning. Die oorsake van die hindernisse kan in die leerder self, die skole, die onderwysstelsel (strukture en benaderings) of in die breër konteks (sosiaal, ekonomies en/of polities) geleë wees. Hierdie term verwys ook na begaafde en talentvolle leerders.

- **Opvoeders**

Opgeleide volwassenes wat betrokke en verantwoordelik is vir die onderrig, leer en ontwikkeling van die leerders in sy klas/skool. Opvoeders is ook direk betrokke by die hulpverlening aan LLOH en vorm deel van die SOS.

- **Ouers/versorgers**

Die biologiese, aangenome of stiefouer wat direk verantwoordelik is vir die verskaffing van versorging aan hul kinders. Die term “versorgers” sluit alle volwassenes in soos ouers, grootouers, ander familielede, dagsorg-personeel, oppassers en enige ander persoon wat betrokke is by die leerder se versorging, leer en ontwikkeling.

- **Klashulp/assistent/fasiliteerder**

’n Volwasse persoon wat die opvoeder in die leer, onderrig en ontwikkelingproses van die leerders binne die skoolkonteks bystaan, sodat die opvoeder kwaliteit onderrigtyd aan LLOH kan verskaf. Dit kan ’n opgeleide of nie-opgeleide persoon wees wat op voltydse of deeltydse basis hulp verleen en as deel van die SOS beskou kan word.

- **Individuele onderwys- en ontwikkelingsplan (IOOP)**

’n Individuele plan, ontwerp vir ’n spesifieke leerder wat leer- en ontwikkelingshindernisse ondervind. Dit word in samewerking met die SOS, opvoeder en ouer saamgestel en behoort gereeld hersien en aangepas te word volgens die vordering van die leerder. Die IOOP word nie gesien as ’n aparte program wat los staan van die kurrikulum wat in die klas gevolg word nie. Die IOOP word gebruik om die LLOH in al die klas-aktiwiteite te betrek, met

inagneming van moontlike hindernisse wat die LLOH op akademiese, sosiale en emosionele vlak ondervind.

- **Doeltreffendheid**

Die mate waarin die SOS aan sy hoofdoel, naamlik hulpverlening en ondersteuning aan LLOH, opvoeders, en ouers/versorgers binne IO voldoen**.**

## 1.9 SLOTOPMERKINGS

Hierdie hoofstuk het die rasionaal en die doel van die studie bespreek. Inligting is ook verskaf ten opsigte van die probleemstelling, teoretiese en konseptuele raamwerk, paradigma en determinante van die studie. Sleutelbegrippe en hul definisies is bespreek asook die indeling van die hoofstukke. In die volgende hoofstuk volg 'n kritiese literatuuroorsig ten opsigte van die SOS as skoolondersteuningsdiens.

---oOo---